Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# BYLAAG by HOOGTEPUNTE uit die REKTOR SE BESTUURSVERSLAG AAN DIE SENAAT

25 November 2022

Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier

## Inhoudsopgawe

TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH ....4
1.1 US se seremoniële embleem ....4
1.2 Fasiliteitsbestuurprojekte ....4
1.3 Verskerping van grenssekuriteit ....7
1.4 Verskuiwing van Stellenbosch Bestuurskool ....7
1.5 Omgewingsvolhoubaarheidsprojekte ....8
1.6 Akademiese inligtings- en kommunikasietegnologie ....9
1.7 Eduroam....9
1.8 Regsdienste ....9
1.9 Templaatgids....9
1.10 Woordfees en US Koor ....10
1.11 US Kode 2040 ....10
1.12 Bekendstelling van Privaatheidsreglement ....10
1.13 Eksterne kommunikasie ....11
1.14 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte ....12
1.15 Institusionele geleenthede ....13
1.16 Twee skole stoom voort ....14
1.17 Hoogtepunte by die Sentrum vir Epidemiereaksie en -innovasie (CERI) ....15
1.18 MaRooN-gesondheidspaspoort ....15
1.19 Borskankerbewustheidsmaand ....15
1.20 US Museum ....15
1.21 Imbizo 365-skakelingskalender ....15
1.22 Voorwaarts met transformasie ....16
1.23 *Siyakhula Live* op MFM 92.6 ....16
1.24 Hersiening van Plan vir Sosiale Impak ....16
1.25 Wysigingswetsontwerp op Kopiereg ....17
1.26 US Botaniese Tuin ....17
1.27 Aktiwiteite by Innovus ....17
TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING ....18
2.1 Studentewerwingsaktiwiteite ....18
2.2 SKEMA-tweedesemesterinname ....18
2.3 Internasionale Kosaand ....19
2.4 Internasionale Konferensie vir Voorgraadse Navorsing ....19
2.5 Nagraadse Kantoor ....19
2.6 Werksessie oor die Internet van Dinge (IoT) ....20
2.7 Kortkursusse ....20
2.8 Skep betrokke burgers ....20
2.9 Integrasie van Matie Gemeenskapsdiens (MGD) met Afdeling Sosiale Impak ....21
2.10 Longitudinale toegang tot SUNLearn-materiaal....21
2.11 Camp 2030 ....21
2.12 Maties Sport....22
2.13 Jaarlikse US-tegnothon ....22
2.14 Entrepreneursoefenkamp....22
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE ....23
3.1 AUDA-NEPAD SANWATCE....23
3.2 Afrika-navorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) ....23
3.3 OBREAL Global Forum vir Skenkerharmoniëring 2022....24
3.4 Sosiale-impakgeleentheid vir Kampusgesondheidsdiens....24
3.5 Samewerking vir boekbekendstelling....24
3.6 Skade aan Danie Craven-stadion ....24

3.7 Verhuringskantoor ..... 24
3.8 Handelsmerkvennootskappe ..... 25
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER ..... 25
4.1 Opleiding deur Periperi U ..... 25
4.2 Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN) skakel weer ..... 26
4.3 US-Japan-sentrum ..... 26
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK ..... 26
5.1 Nadoktorale navorsingsgenote ..... 27
5.2 Navorsingsontwikkeling se vermoëbou- en inligtingsessies ..... 27
5.3 Stellenbosch Forum-lesingreeks ..... 27
5.4 Navorsingsetiek en -integriteit ..... 28
5.5 Internasionale Ooptoegangweek ..... 28
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER ..... 28
6.1 Trilaterale PASD-personeelontwikkelingsprogram ..... 29
6.2 Besering aan diens ..... 29
6.3 Aktiwiteite vir organisatoriese welstand ..... 30
6.4 Senior aanstellings ..... 30
MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE (3 Augustus tot 19 Oktober 2022) ..... 31

# TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* (klik op die skakel vir die volledige dokument) beskryf ons hierdie tema soos volg: “Om die US **’n florerende organisasie** te maak, beoog ons ’n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit.” Met ‘florerend’ bedoel ons “om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy”.

Ons sê ook die volgende: “Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om ’n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak.”

## 1.1 US se seremoniële embleem

Die Raad het op 20 Junie 2022 eenparig goedkeuring verleen vir ’n nuwe embleem en seël vir die Universiteit ter aanvulling van die nuwe korporatiewe logo, wat in April 2021 aanvaar is. Die seremoniële embleem is die US se enigste akkreditasiemerk en is ook die hoogste merk van die Universiteit.

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het gevolglik voorgestel dat ’n stel reëls geïmplementeer word om te sorg dat die seremoniële embleem konsekwent as deel van ons eenvormige handelsmerkargitektuur gebruik word. Hulle het met die Registrateur se verantwoordelikheidsentrum saamgewerk om die reëls op te stel, en die Rektoraat het dit op 27 September goedgekeur.


Die Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, prof Hester Klopper, tree as oorhoofse beskermer van die reëls op.

## 1.2 Fasiliteitsbestuurprojekte

Die nuwe tussenvloer op die derde verdieping van **Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese** se gebou (*sien foto’s hieronder*) is op 26 Julie voltooi, en die Departement het sedertdien teruggetrek.



*Nuwe tussenvloer op derde verdieping – suidelike aansig*




*Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese se opgeknapte ruimtes*

Bouwerk aan die **Siviele Ingenieurswese**-gebou verloop volgens plan.

Daarbenewens sal **Ingenieurswese se nuwe sentrale koelwaterstelsel** kostedoeltreffende verhitting en verkoeling vir die hele kompleks voorsien. Fase 1 vorder goed en behoort by die beplande voltooiingsdatum van Maart 2023 te hou.




*Vordering met sentrale koelwaterstelsel (distriksverkoeling) vir Ingenieurswese-kompleks*

Fase 3-konstruksie van die **Biomediese Navorsingsinstituut** (BMNI), wat die voltooiing van opknappings op verdiepings 0 tot 3 van BMNI-Suid en die kelderaanbouings insluit, is goed op dreef. Die **nuwe parkeerterrein naby die hoofingang van Tygerbergkampus** is teen die einde van Augustus voltooi, en die ruimte word sedert September vir algemene parkering gebruik.



*Nuwe atrium by die BMNI – suidoostelike aansig*



*Nuwe parkeerterrein naby hoofingang van Tygerbergkampus*

Die BMNI-gebou, die Onderwysgebou en ’n deel van die Kliniese gebou word nou ten volle deur die **sentrale verhitting-, ventilasie- en lugversorging- (HVAC-)stelsel** bedien. Die projek, wat teen die middel van Augustus voltooi is, maak deel uit van die meesterplan om alle dienste op Tygerbergkampus te sentraliseer.



*Fase II-installasie van die sentrale HVAC-stelsel op Tygerbergkampus (van links): die sentrale koelaanleg, buffertenks en wateropgaartenks.*

Die **Victoria-hub- en IT-veselinfrastruktuurprojek** behels die bou van 14 Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)slaapkamers, toegang tot die koshuise Harmonie en Monica vir privaat studente, en ’n nuwe inligtings-en-kommunikasietegnologie- (IKT-)veselruggraat. Die bobou vir die hub is voltooi, en alle vloere is gegooi.



*Tweede verdieping van Victoria-hub word voltooi*

Die opknapping van **Wilgenhof**-koshuis is in Oktober voltooi. Die projek het elektriese opknappings, nuwe beddens, interieuropknappings in die kamers, 'n vars laag verf, nuwe vloerafwerkings en die opknapping van badkamers en gemeenskaplike areas ingesluit.


## 1.3 Verskerping van grenssekuriteit

Die kwesbaarheid van die Tygerberg-, Bellvillepark- en Worcesterkampus is kommerwekkend. Fasiliteitsbestuur het dus 'n riglyn vir toekomstige grenssekuriteit opgestel. Sekuriteitskenners sal met tegniese raadgewers en raadgewende ingenieurs saamwerk om grenssekuriteit te verskerp. Die aangestelde konsultante bepaal tans die risiko's en onderneem volledige terreinondersoeke.

## 1.4 Verskuiwing van Stellenbosch Bestuurskool

Die Raad het in September 2019 goedkeuring verleen vir die verskuiwing van die Stellenbosch Bestuurskool na die perseel op Stellenbosch wat deur die Distell-groep geskenk is. 'n Fasiliteitsbehoeftediagram is daarna vir goedkeuring by Distell, as grondskenker, ingedien. Die diagram is goedgekeur en sal in die Akteskantoor geregistreer word.

Die spesialisverslae en diensteontwerp is teen die begin van Augustus 2022 voltooi, en geen ernstige probleme word voorsien nie. Die konsultante was teen die einde van Oktober gereed met die dokumente vir die beplanningsaansoek. Die Munisipale Beplanningstribunaal sal na verwagting sowat vyf maande nodig hê om 'n besluit te neem.




*Die voorgestelde nuwe kampus van die Stellenbosch Bestuurskool by Oude Libertas, Stellenbosch*

## 1.5 Omgewingsvolhoubaarheidsprojekte

Fasiliteitsbestuur het die Universiteit se **geboubestuurstelsel** opgeknap en na verskeie geboue met groot HVAC-stelsels uitgebrei om HVAC-bestuur en -beheer verder te probeer verbeter. Dít sluit in die US Biblioteek, die Neelsie, die Jan Mouton Leersentrum, die Ingenieurswese-hoofgebou, Meganiese Ingenieurswese, die oorspoelfasiliteit, Concordia, Metanoia, Simonsberg en Bellvilleparkkampus.

’n Gebied van 19 geboue is geïdentifiseer vir die insameling van nutsdiensdata as deel van ’n **portefeulje-oudit vir die Groenbouraad van Suid-Afrika (GBRSA)**. HVAC-prestasie, binnenshuise luggehalte, ligvlakke, geraas en temperatuur sal onder meer gemeet word.

Die verbruik van Eskom se steenkoolgebaseerde elektrisiteit maak die grootste deel van die US se koolstofvoetspoor uit. ’n Haalbaarheidstudie oor die moontlike **installering van fotovoltaïese (FV) sonkragstelsels** het bevind dat die US ’n totale geskatte opwekkingskapasiteit van 4,667 kilowatt-piek (kWp) op die Stellenbosch-, Bellvillepark-, Tygerberg- en Worcesterkampus kan installeer. ’n Groenlening van R72 miljoen is vir dié doel goedgekeur. ’n Tweede haalbaarheidstudie is ook aangevoor om die installering van sonpanele op die dakke van verskeie koshuise te ondersoek.

Mariendahl-proefplaas gebruik daagliks ’n geskatte 140 kiloliter **water**, wat voorheen deur die Elsenburg-(drinkwater)netwerk voorsien is. Sedert die inwerkingstelling van ’n wateraanvullingskema voorsien ’n boorgat egter nou in ál Mariendahl se drinkwaterbehoeftes. Boonop is twee boorgate by Lentelus gesink om besproeiingswater vir die sportvelde te voorsien.

Fasiliteitsbestuur het gedurende die winterplanttyd verskeie **boomplantprojekte** gereël, en sowel personeellede as studente het daaraan deelgeneem.





*Studente en personeel neem deel aan boomplantaktiwiteite op kampus en by die boomkwekery op Stellenboschberg*

Laastens het ons pas verkose studenteleiers opleiding oor die US se **Omgewingsvolhoubaarheidsplan** ontvang. Hulle is aangemoedig om hulle medestudente aan te spoor om ’n volhoubaarder kampus te help skep. Alle eerstejaar- mediese studente op Tygerbergkampus het ook ’n drie dae lange opleidingskursus oor omgewingsvolhoubaarheid bygewoon.

## 1.6 Akademiese inligtings- en kommunikasietegnologie

Ons Akademiese IKT-kantoor werk tans aan ’n grootdatastruktuur en -raamwerk vir navorsers. Die gedagte is dat dit maklik toeganklik, bekostigbaar, veilig en volhoubaar moet wees en aan alle wetsvoorskrifte moet voldoen. Aangesien die projek die eerste van sy soort is, ondersoek ons moontlike vennootskappe sodat die uitsette ook by ander hoëronderwysinstellings gebruik kan word.

## 1.7 Eduroam

Informasietegnologie het aansienlike vordering gemaak met die implementering van Eduroam as die vernaamste Wi-Fi-netwerk vir personeellede en studente. Noudat Secure en MatiesWiFi uitgefaseer word, hoef toestelle nie meer geregistreer te word nie omdat die stelsel gebruikers nou aan hulle gebruikername en wagwoorde uitken. Eduroam word ook na Tygerberghospitaal uitgebrei om personeel en studente wat daar werk ononderbroke Wi-Fi-toegang te bied.

## 1.8 Regsdienste

Die Universiteit se besluitnemingsprosesse, deursigtigheid en billikheid is al hoe meer onder die vergrootglas, wat insluit ’n toenemende klem op ons interne prosesse en of dit gevolg word. Dít blyk duidelik uit die toename in **versoeke vir inligting** deur die publiek. Ons voorsien dat versoeke sal aanhou toeneem namate die publiek al hoe meer bewus word van die reg op toegang tot inligting.

Sedert die Covid-19-regulasies in Junie herroep is, kon Regsdienste weer hulle volle aandag aan ander belangrike regulasiesake wy. Wat **voldoening** betref, val die klem nou weer op institusionele voldoening aan wetsvoorskrifte en die voorsiening van die nodige grondliggende dokumente. Alle tersaaklike regulasiebywerkings word aan interne belanghebbendes deurgegee.

Regsdienste hanteer ook steeds groot getalle **kommersiële kontrakte** namens die Universiteit. Altesaam 733 nuwe ooreenkomste en 60 advieslêers is van Januarie tot Oktober geregistreer.

Sowat 80% (591) van die ooreenkomste is reeds suksesvol voltooi, en 43 advieslêers word nog hanteer.

Twaalf klagtes van wangedrag is in die tydperk Augustus/September na **Studentedissipline** verwys. Twee was klagtes van dissiplinêre wangedrag, vier akademiese wangedrag, en ses koshuiswangedrag. Vyf van die sake is na die Sentrale Dissiplinêre Komitee verwys, en een student het die Universiteit verlaat voordat die ondersoek voltooi kon word. In twee sake moet daar nog op die gepaste dissiplinêre kanaal besluit word, en vier is in verskillende stadiums van ondersoek.

Boonop het die Rektoraat aan die einde van Augustus die **Glossarium van Oorsigbestuurs- en Bestuursdokumenttipes** goedgekeur. Die glossarium sal ons ’n gemeenskaplike begrip help vorm van die terminologie wat met betrekking tot ons oorsigbestuurs- en bestuursdokumente gebruik word.

## 1.9 Templaatgids

Die US-templaatgids is nou op die Korporatiewe Identiteit-webblad te kry. Die gids dien as rigsnoer vir die ontwerp en produksie van kommunikasiemateriaal om ’n konsekwente US-stem en -handelsmerk sowel as ’n konsekwente gebruiker-ervaring te verseker.

Op grond van die US-gemeenskap se terugvoer oor die gebruik en funksionaliteit van template het Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking bestaande template bygewerk én nuwes in Microsoft Word en PowerPoint geskep. Ontwerptemplate vir grafiese ontwerpers en video-animeerders word ook voorsien. Die template kan direk van die templaatgids óf van die Korporatiewe Identiteit-webblad afgelaai word.

## 1.10 Woordfees en US Koor

Vir die eerste keer sedert die pandemie is die **Toyota US Woordfees** van 10 tot 16 Oktober weer in kontakvorm op Stellenbosch aangebied.

Hoewel ons nog altyd die tuiste van die Woordfees was, het die blootstelling van ons handelsmerk by die geleentheid aandag gekort. Danksy nouer samewerking met die fees vanjaar het ons ’n duideliker handelsmerkteenwoordigheid gehad, sowel as ’n US-hub by die Universiteitsmuseum, waar ’n aantal gespreksessies en vertonings aangebied is.



*Aktiwiteite by die US-hub gedurende die Toyota US Woordfees 2022*

Daarbenewens het naamborg Toyota sy borgskap vir ’n verdere drie jaar hernu.

Die nasionale eindronde van die **Sanlam WOW-spelfees**, nóg ’n Woordfeesprojek, het gedurende die fees op Stellenbosch plaasgevind. Die Afrikaanse afdeling het vanjaar 586 skole gelok, die afdeling vir Engels Eerste Addisionele Taal 110 skole, en die Xhosa-afdeling 83 skole.

Ons gevierde **US Koor** is genooi om as gaste van Arise Global Media by die begrafnis van prinses Margaret Obaigbena van die Deltaprovinsie van Nigerië op te tree. Heelparty hooggeplaastes, waaronder die Nigeriese president Muhammadu Buhari, het die begrafnisdiens bygewoon. Die koor het ook vroeg in September ’n nasionale toer onderneem en in die Sudwala-grotte naby Mbombela, sowel as in Sasolburg, Johannesburg en Soweto opgetree.

## 1.11 US Kode 2040

Die US se waardes, as ’n kernkomponent van Visie 2040, het ’n direkte invloed op ons institusionele gedrag. Daarom het ons die waardes in ’n stel oorhoofse riglyne vir gedrag by die Universiteit omskep. Die riglyne is vir eers as ‘Kode 2040’ bekend.

Nadat die konsepdokument in Junie vir terugvoer aan die Rektoraat voorgelê is, is Kode 2040 – wat onder leiding van die Eenheid vir Bedryfsetiek en Publieke Integriteit in ons Sentrum vir Toegepaste Etiek opgestel is – aan uitgebreide oorlegpleging onderwerp. Kommentaar is onder meer van die Institusionele Forum, die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee, die Algemene Bestuurdersvergadering, die uitvoerende komitees van sowel die Senaat as die Raad én die volle Senaat en Raad aangevra.

’n Elektroniese vraelys wat spesifiek handel oor die belofte wat as deel van die Kode afgelê word, is ook aan personeellede en studente gestuur. Hulle terugvoer het nie net getoon hoe hulle die belofte ervaar nie, maar het ook die grondslag gelê vir die samestelling van ’n praktiese handleiding om die Kode te implementeer.

’n Finale konsep van die dokument is later vir afhandeling aan die onderskeie komitees voorgelê sodat die Raad dit in November vir goedkeuring kan oorweeg.

## 1.12 Bekendstelling van Privaatheidsreglement

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het in Mei die eerste in ’n reeks institusionele reglemente wat die grondslag van ’n inligtingsbestuursraamwerk vir die Universiteit sal uitmaak aan die Rektoraat voorgelê. Die reglemente is daarna vertaal en herverpak. Een daarvan, ons hersiene

Privaatheidsreglement, is in Oktober – wat ook Internasionale Kubersekuriteitsbewustheidsmaand is – bekend gestel.

Inligtingsoorsigbestuur beplan om tot en met Internasionale Privaatheidsdag (28 Januarie 2023) verdere algemene bewusmakingsveldtogte te voer en spesialisopleiding en steuninstrumente te bied om studente en personeel hulle weg deur die landskap van inligtingsbestuur te help baan.

## 1.13 Eksterne kommunikasie

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het in die verslagtydperk daarop gekonsentreer om positiewe sentiment te skep en goeie nuus op groot skaal te beklemtoon. Dít het uitsonderlike gevolge gehad wat die impak van ’n verdere betreurenswaardige urineringsvoorval op kampus verreweg oortref het.

### US in die nuus (3 Augustus tot 19 Oktober 2022)

Die hoogtepunteverslag bevat die vernaamste tendense met betrekking tot die Universiteit se mediateenwoordigheid in die oorsigtydperk.

Van die **spesifieke stories en gebeure** wat in die nuus was, volg hieronder (klik gerus vir die artikels):

- US-student se skepping gekies as een van top drie oplossings vir wêrelduitdagings (Radio 702, Cape Talk, Times Live)
- Dowe storievertellers help Universiteit Stellenbosch om onderrigmateriaal te skep (*Mail & Guardian*-meningsartikel, IOL)
- Nuwe viserektor oorgehaal om impak van US se navorsing, innovasie en nagraadse studie uit te brei (Bizcommunity)
- Stellenbosch se Groen Skool is nou nog groener met ’n nuwe sonpaneel-stelsel (*Die Burger*, *Cape Argus*, *Sunday Times*, News24, IOL, *Engineering News*)

Die urineringsvoorval in September in Helshoogte het wél publisiteit ontvang, maar nie soveel soos die Huis Marais-voorval nie.

Ook in September het die hooggeregshof ten gunste van die US beslis in die DA/Studenteplein-saak teen die Universiteit, ons Raad en Senaat. (Sien byvoorbeeld *Cape Argus*, Heart FM, SAFM, News24, IOL en Politicsweb.)

Ons **mediaverklarings** bly ’n goeie bron van publisiteit vir die instelling. Ons kenners het voortgegaan om die media van waardevolle inhoud en kommentaar te voorsien, en het sodoende die US se reputasie as ’n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig. Hier is ’n paar van die navorsingsgebaseerde verklarings wat die afgelope tyd uitgereik is:

- SA plantkundige ontdek nuwe iris-spesie in die Langeberg (*Cape Argus*)
- Meer bewyse vir verband tussen mikrobloedklonte en graad van Covid-19 (*The Citizen*, Cape Talk, EWN)
- Skuilings help mishandelde vroue om nuut te begin (Times Live, News24, Cape Talk)

Wat fakulteitsverwante dekking betref, het Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in sowel Augustus as September die voortou geneem met algehele volume, hoewel Regsgeleerdheid (Augustus) en Natuurwetenskappe (September) ook ’n sterk teenwoordigheid gehandhaaf het.

Ten opsigte van algemene sentiment jeens die US, te oordeel na die dekking wat ons ontvang het, was die tendens vir Augustus meestal positief (53%) en neutraal (41%). In September was dit 46% positief en 50% neutraal.


Vir ’n lys **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** deur ons immer produktiewe studente en personeellede, blaai gerus na die einde van hierdie bylaag.

## Sosiale media

Die US se geskatte totale reikwydte op sosiale media in Augustus en September was onderskeidelik 10 miljoen en 11,6 miljoen. Aanlyn sentiment jeens die Universiteit in dié tydperk was 76% positief, ondanks die tweede urineringsvoorval. Dít is bereik deur 'n sorgvuldig saamgestelde inhoudstrategie om diversiteit, innovasie, uitnemendheid en vordering op ons transformasiereis te toon, dog sonder om kunsmatig te wees.

## Belegging in mediaskakeling

Aansienlike belegging in mediaskakeling die afgelope paar maande het ingesluit die aanstelling van 'n bykomende senior joernalis, proaktiewe verhoudingsbou, en 'n uitvoerige posisioneringsplan wat met die US se boodskapbestuursraamwerk strook. Dít het 'n merkbare toename in positiewe sentiment jeens ons instelling teweeggebring, soos die figuur hieronder toon.




Belangrike hoekstene van ons mediaskakelingstrategie sluit in geborgde plasings om bewustheid te verhoog, 'n gestruktureerde benadering tot kwessiebestuur en die insameling van intelligensie, en die bekendmaking van nuus oor werklike transformasie-intervensies, -statistieke en -aanstellings om die US se verbintenis in dié verband te toon.

# 1.14 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte

## Vrouemaand

Die Vrouemaandveldtog onder die hutsmerk #USvroue is 'n aantal jaar gelede bekend gestel en is nou al 'n instelling op ons kommunikasiekalender. Die veldtog bestaan uit 'n reeks webartikels en sosialemediaplasings oor die werk en impak van die US se vrouepersoneel.

Die veldtog het goed gevaar op die US se sosialemediakanale wat deelnamesyfers én sentiment betref en het 'n gemiddelde reikwydte van meer as 13 000 op Facebook aangeteken. 'n Toegewyde #USvroue-webblad is ook geskep en sowel ekstern as intern bemark, en het meer as 1 000 besigtigings ontvang.

Boonop het US-kenners verskeie meningstukke tot die veldtog bygedra (*sien lys hieronder*):

- Prof Amanda Gouws, oor geslagsgebaseerde geweld (*Daily Maverick*)
- Prof Juliana Claassens, oor die belang van vrye tyd (News24)
- Drs Karen Garner en Chantelle van Staden, oor vroue se bydrae tot ingenieurswese (*Mail & Guardian*)
- Drs Cyrill Walters en Armand Bam, en prof Patrizio Piraino, oor die onderverteenwoordiging van vroue in navorsing (The Conversation)

- Prof Louise du Toit, oor vroue as baanbrekers van maatskaplike verandering (Netwerk24)
- Drs Ilze Slabbert en Tasneemah Cornelissen-Nordien, wat voorspraak gedoen het vir sterker bystand vir MIV-positiewe tienerma's (*Cape Times*)

### Loslitdag

Vir Loslitdag het Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking die aandag gevestig op die prestasies van die US se Eenheid vir Gestremdhede en huidige projekte om 'n inklusiewe en transformerende omgewing vir personeellede en studente te skep. Artikels is op die US-webtuiste en sosialemediaplatforms geplaas. Daarbenewens het meningsartikels oor gestremdheidsteun deur die US-kenners dr Michelle Botha (*Mail & Guardian*), Bongani Mapumulo (*Cape Times*) en dr Callista Kahonde (News24) in die media verskyn.

### Nuusafdeling op US-webtuiste

Die US het die afgelope maande heelwat prestasies en mylpale gevier, en ons het dit in die nuusafdeling van ons webtuiste met ander gedeel. Dít het ingesluit die bekendstelling van die Universiteit Stellenbosch-Japan-sentrum, die aanstelling van prof Sibusiso Moyo as ons nuwe Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, bouwerk aan die Horti Demo-sentrum van 3 000 m² op Welgevallen-proefplaas, en die Skool vir Klimaatstudie wat sy eerste bestaansjaar gevier het. Van die prestasies waarvan ons op die webtuiste vertel het, was ons drie pryse by vanjaar se Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NWTF)/South32-toekenningsgeleentheid, en die twee Maties wat aan Camp 2030 deelgeneem het.

## 1.15 Institusionele geleenthede

### Rektorsontbyt vir personeel en studente

Die Rektor se ontbytgeleenthede vir personeel en studente maak deel uit van die Universiteit se strategiese skakelingskalender. Die ontbytonthale bou en handhaaf doelgerigte vennootskappe, smee bande tussen mense en skep inklusiewe netwerke. Personeellede en studente word genooi om kandidate vir bywoning te benoem, en 'n keuringspaneel maak die finale keuse. Ontbytgaste is gewoonlik handelsmerkambassadeurs wat tot 'n florerende US bydra.

Ontbytonthale vir personeel het op 17 en 24 Augustus, 27 September en 27 Oktober plaasgevind, en 'n ontbyt vir studente is op 28 September gehou. Die ongeveer 20 kandidate wat elke geleentheid bygewoon het, kon spesifieke vrae aan die Rektor en Rektoraatslede stel en ook ná die formele program met die Rektor en ander gaste gesels.

### Personeelbyeenkoms

'n Hibridiese personeelbyeenkoms is op 24 Augustus in die Endlersaal aangebied. Altesaam 310 werknemers het fisies bygewoon, en 840 het aanlyn ingeskakel. Tien personeellede het in 'n gelukstrekking aan die einde van die verrigtinge elk 'n korporatiewe geskenk met die nuwe US-handelsmerk op gewen.

### Intreelesings

Die volgende sewe intreelesings het in die tweede semester plaasgevind:

- Prof Ben Loos (Natuurwetenskappe) – 25 Augustus
- Prof Allan Ellis (Natuurwetenskappe) – 1 September
- Prof Lize van Robbroeck (Lettere en Sosiale Wetenskappe) – 8 September
- Prof Dana Niehaus (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) – 20 September
- Prof Willem Boshoff (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) – 29 September
- Prof Anita Bosch (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) – 6 Oktober
- Prof Adriaan van Niekerk (Lettere en Sosiale Wetenskappe) – 25 Oktober

Gaste kon fisies bywoon, en die lesings is ook regstreeks gestroom. Die vooraf opgeneemde video's bly ook op die US se YouTube-kanaal beskikbaar. Kyk die lesings vir 2022 hier.

### Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie

Die Rektor se prestasietoekennings is op 18 Oktober by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) aangebied. Onder die 200 gaste was die benoemdes, hulle spesiale gaste, die Rektoraat, dekane en ander personeellede. Vanjaar se geleentheid het op die tema van uitnemendheid vir volhoubare vernuwing gekonsentreer. Die hoofspreker was ons voormalige Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Eugene Cloete, wat ook die Studenteraadstoekenning ontvang het.

## 1.16 Twee skole stoom voort

Die Skool vir Klimaatstudie en die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke is strategiese werktuie wat inter- en kruisdissiplinêre samewerking aanmoedig. Die volgende paragrawe bied 'n bondige oorsig van hulle onderskeie werksaamhede en prestasies in die verslagtydperk:

### Skool vir Klimaatstudie (SKS)

- Die US is die enigste Afrikalid van die Globale Universiteitsalliansie oor die Klimaat (GAUC), en die SKS is die dryfkrag agter ons werk in dié verband. Die Skool het 'n agt weke lange proefopleidingsprogram aangebied wat 150 studente van oor die hele wêreld – waaronder 15 US-studente – as GAUC Globale Jeugambassadeurs oor klimaatsverandering toegerus het. Die studente het later in die aanloop tot die COP27-klimaatskonferensie in Egipte aan 'n jeugklimaatsweek deelgeneem.
- By die skryf van hierdie verslag was die SKS en GAUC ook aan die reëlings tref vir 'n randgeleentheid by COP27 waar lede van die Suid-Afrikaanse Presidensiële Klimaatskommissie en toonaangewende Afrikanavorsers en -beleidvormers die vasteland se unieke kwessies in onderhandelinge oor klimaatsverandering sou bespreek.
- Die Skool het in September die eerste Afrikastreeksforum oor die Klimaat aangebied, en verteenwoordigers van 16 Afrikalande het hetsy fisies of virtueel deelgeneem.
- Gedurende die forum het die SKS ook die *African Journal of Climate Studies* bekend gestel, wat 'n besonder positiewe reaksie van forumgangers ontlok het. Vak- en assistentredakteurs word tans gewerf om wetenskaplike voorleggings te aanvaar voordat die tydskrif se eerste uitgawe sal verskyn.
- Die SKS-direkteur, prof Guy Midgley, is tot voorsitter verkies van die JRS Biodiversity Foundation – 'n Amerikaanse stigting wat navorsing oor biodiversiteitsinformatika in Suider-Afrika ondersteun.

### Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke

- Die Skool het in Augustus sy eerste module ("Inleiding tot Datawetenskap met Python") bekend gestel. Skaars 'n maand later het hulle ook 'n nagraadse seminaar oor digitale burgerskap deur die Venesiaanse Internasionale Universiteit aangebied saam met vennote KU Leuven (België) en Waseda-universiteit (Japan).
- Oefenkampe in datawetenskap, sagtewareontwerp en webontwikkeling sowel as die Standard Bank-tegnothon is alles in Oktober van stapel gestuur.
- By die skryf van hierdie verslag was direkteur prof Kanshukan Rajaratnam en Eugene Ras (hoof van Data en Analise by Distell) aan die voorberei om in November die keusemodule "Digitale en datastrategieë vir leiers" as deel van die MBA-program aan te bied.
- Die uitgelese wetenskaplike prof Frank Tanser het hom in Oktober by die Skool aangesluit.

## 1.17 Hoogtepunte by die Sentrum vir Epidemiereaksie en -innovasie (CERI)

CERI het in die verslagtydperk as hetsy (mede)gasheer of deelnemer tot die volgende vyf opleidings- en vermoëbougeleenthede bygedra:

- Medegasheer vir ’n mikrobioomwerksessie saam met die Massachusetts Instituut vir Tegnologie (MIT)/Harvard, waar ondersoekende dataontleding en modellering in R saam met mikrobioomtoepassings gebruik is (20–26 Augustus)
- Deelname aan die werksessie oor virus-evolusie en molekulêre epidemiologie (VEME) in Panama (20–26 Augustus). VEME 2023 sal op Stellenbosch aangebied word.
- Gasheer vir agt navorsers van Botswana, Brasilië, Colombia, Kenia, Senegal en Zambië vir ’n twee weke lange praktiese opleidingskursus oor genoomvolgordebepaling en -ontleding (5–16 September)
- Gasheer vir ’n virtuele opleidingsessie vir die BRICS-netwerk vir genoomwaarneming (NGS-BRICS), waarvoor meer as 200 deelnemers van die BRICS-lande ingeskakel het (26–30 September)
- Deelname aan NGS-BRICS-opleiding in Dakar, Senegal (10–14 Oktober)

CERI het ook ’n nuwe Wêreldbanktoekenning van $5 000 000 tot en met Maart 2025 ontvang vir die projek “Versnelling van genoomgebaseerde waarneming vir die Covid-19-reaksie in Suid-Afrika”. CERI-direkteur prof Tulio de Oliveira dien as hoofnavorser.

Wat mediateenwoordigheid betref, het die Sentrum in sowel *TIME* as die *New York Times* verskyn. ’n Artikel oor prof De Oliveira is ook in *The Lancet* gepubliseer.

## 1.18 MaRooN-gesondheidspaspoort

Meer as ’n duisend personeellede en studente het die MaRooN- (“Maties Risk of Non-Communicable Disease”-)gesondheidspaspoort voltooi sedert dit op 26 Julie bekend gestel is. Die instrument identifiseer mediese risikogevalle en beveel verdere intervensies vir geaffekteerde personeellede en studente aan. Die meeste risiko’s hou met geestesgesondheid verband.

## 1.19 Borskankerbewustheidsmaand

Die Kampusgesondheidsdiens het in Borskankerbewustheidsmaand (Oktober) ’n veldtog van stapel gestuur wat studente gratis toegang tot borsondersoeke en inligting oor borssorg gebied het. Finansiering van Higher Health het boonop ’n aantal praatjies en verwysings na ’n dieetkundige moontlik gemaak.

## 1.20 US Museum

Die Universiteitsmuseum bied tans die foto-uitstalling *Attached to the Soil* deur Peter Glendinning, ’n professor in Kuns van Michigan-staatsuniversiteit, aan. As deel van die uitstalling, het die museum met die Departement Visuele Kunste, die Sentrum vir Studentegemeenskappe, die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sowel as die Stellenbosse Akademie vir Ontwerp saamgewerk om werksessies en rondleidings aan te bied, waaraan 135 mense deelgeneem het.

## 1.21 Imbizo 365-skakelingskalender

Temas wat die afgelope verslagsiklus aandag ontvang het, was gender (Vrouedag), en gestremdheid en toegang (Loslitdag).

Wat gender betref, het die Transformasiekantoor met die Eenheid vir Gelykwaardigheid, die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en die Afdeling Studentesake saamgewerk om ’n aanlyn paneelgesprek oor bondgenootskap met gekleurde vroue op kampus aan te bied.

En vir Loslitdag was die Transformasiekantoor en die Eenheid vir Gestremdhede medegashere vir nóg ’n aanlyn gesprek, hierdie keer oor sport. Studente met gestremdhede het oor hulle ervaring as geesdriftige sportlui en -aanhangers gesels. Die Transformasiekantoor het ook met

Werknemerwelstand saamgewerk om Loslitdagplakkers te verkoop, en die volle opbrengs is aan die Stellenbosse Werksentrum vir Volwasse Persone met Gestremdhede geskenk.

## 1.22 Voorwaarts met transformasie

### Vordering met Transformasiebeleid

Kommentaar en terugvoer oor die eerste konsep van die Transformasiebeleid is by ’n tweede konsep ingesluit. Gedurende die oorlegpleging is ’n behoefte uitgewys om ‘Afrikanisasie’, ‘dekolonisasie’, ‘restitusie’ en ‘transformasie’ beter te omskryf. Die Transformasiebeleid-taakgroep het gevolglik twee werksessies gehou om hierdie konsepte te definieer en te verfyn. Raadplegende sessies oor die tweede konsep is tans aan die gang.

### Institusionele Transformasiekomitee (ITK)

Die verkose verteenwoordigers in die ITK is soos volg:

- Prof Anthony Leysens, as verteenwoordiger van die Dekaansforum
- Me Ellen Tise, as verteenwoordiger van die Algemene Bestuurdersvergadering
- Prof Ronel Carolissen, as Senaatsverteenwoordiger
- Prof Selwyn Mapolie, as Senaatsverteenwoordiger
- Mnr Banzi Bottoman, as verteenwoordiger van die Studenteraad (SR)
- Mev Susan Njeyiyana, as verteenwoordiger van akademiese personeel
- Mnr Wayde Davidse, as verteenwoordiger van professionele administratiewe steundienstepersoneel

Die SR het slegs een verteenwoordiger benoem in afwagting van hulle finale portefeuljetoekennings en bestuursaanstellings.

### Ontwikkeling van monitering-en-evalueringsraamwerk vir transformasie by die US

Die Transformasiebeleid-taakgroep en die Verwysingsgroep vir Transformasiemonitering en -evaluering het drie werksessies gehou om die transformasieaanwysers vir die US verder uit te pluis. Drie hooftemas met gepaardgaande aanwysers is geïdentifiseer, en sal as transformasieprioriteite vir die volgende vyf jaar aan die Rektoraat voorgelê word. Hierdie drie temas sal ook die grondslag uitmaak vir die proeffase van die implementering van transformasiekernprestasiegebiede.

## 1.23 *Siyakhula Live* op MFM 92.6




Weeklikse radiogesprekke oor diversiteit en transformasie gaan voort om ’n kultuur van diversiteit by die US en in die wyer Matiegemeenskap te bou.

Ter viering van Vrouemaand het die klem in Augustus op vyf merkwaardige vroue geval (*sien langsaan*). Gesprekke in September het gehandel oor volwassenes met gestremdhede, gestremdheidsport, die werk van die US se Eenheid vir Gestremdhede, en die Nasionale Taalbeleid en meertaligheid.

Ander opwindende nuus is dat *Siyakhula Live* by die kortlys vir ’n Suid-Afrikaanse Radiotoekenning ingesluit is.

## 1.24 Hersiening van Plan vir Sosiale Impak

Die Rektoraat het besluit dat die huidige Plan vir Sosiale Impak in 2023 hersien moet word.

## 1.25 Wysigingswetsontwerp op Kopiereg

Die Nasionale Vergadering het uiteindelik die Wysigingswetsontwerp op Kopiereg vroeg in September aanvaar. Die praktiese gevolge sal eers werklik duidelik word sodra die wet in werking tree. So byvoorbeeld sal die US moet bepaal of die allesomvattende lisensieooreenkoms met die Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-organisasie (SALRO) nog nodig is, en ons sal personeel en studente van riglyne oor die vereiste regulasie- en verslagdoeningsmaatreëls moet voorsien.

## 1.26 US Botaniese Tuin

Die getal besoekers aan ons Botaniese Tuin neem ná Covid weer stadig maar seker toe. Benewens ’n splinternuwe hekhuis by die ingang in Neethlingstraat, het opknappings aan die restaurantkombuis sowel as bouwerk aan die nuwe winkel met ’n geïntegreerde bonsai-uitstalling ook begin. Die winkel sal as deel van die Matiewinkel bedryf word, en behoort teen mid-Desember 2022 klaar te wees.



*Argiteksvoorstelling van nuwe winkel by US Botaniese Tuin*

## 1.27 Aktiwiteite by Innovus

### Openbaarmaking van uitvindings

Navorsers openbaar hulle uitvindings aan Innovus indien die akademici se lynbestuur die innovasie as beskermingswaardig beskou. Altesaam 22 implementeerbare openbaarmakings is teen die einde van September ontvang. Nie alle navorsers vind die nuwe, geoutomatiseerde openbaarmakingsproses ewe nuttig nie. Party glo dit duur nou heelwat langer as voorheen, en die proses sal dus verder gestroomlyn moet word.

Weens ’n tekort aan toekenningsfinansiering sal die totale getal implementeerbare openbaarmakings vir 2022 na verwagting minder wees as in vorige jare.

### Bystand van Universiteitstegnologiefonds (UTF)

Die UTF is ’n waagkapitaalfonds wat die tegnologie, intellektuele goedere en navorsing van Suid-Afrikaanse universiteite help kommersialiseer. Elf US-projekte het tot dusver vooraanvangsfinansiering ontvang, en meer as R15 miljoen in aanvangskapitaal is ook vir afwentelmaatskappye soos Phagoflux, BioCode, die Stellenbosch Nanofiber Company (SNC), Immobazyme, GreenX en FluoroBiotech bekom.

### TFP-genootprogram

Die TFP (“Translational Fellow Programme”) vorder goed. Die program rus onlangse gegradueerdes as entrepreneurs toe terwyl die genote hulle navorsingsuitsette in innoverende nuwe ondernemings omskep. Die versoek vir aansoeke met die oog op 2023 het op 21 Oktober gesluit.

### Instant Startup

Innovus ontwikkel ’n aanlyn gereedskapkis wat beginnerondernemings bystaan met die komplekse proses om hulle idees in ondernemings te omskep. Die gereedskapkis, wat as Instant Startup bekend is, bied entrepreneurs toegang tot template en riglyne om hulle ondernemings tot stand te bring en te bestuur. By die skryf van hierdie verslag sou die eerste fase van Instant Startup in November bekend gestel word.

# TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* sê die volgende oor hierdie tema: “[Ons] wil … toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as ’n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Die skep van ’n transformerende studente-ervaring behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

## 2.1 Studentewerwingsaktiwiteite

Soos Inligtingsoorsigbestuur se opname oor voorgraadse werwing gewys het (*raadpleeg die hoogtepunteverslag*), is ’n studieaanbod van die Universiteit geen waarborg dat voornemende studente uiteindelik by die US sal inskryf nie. ’n Aantal faktore beïnvloed hulle besluit. Daarom het ons voorgraadse werwingsaktiwiteite in die tweede semester hoofsaaklik daarop gekonsentreer om studieaanbiedinge in werklike inskrywings om te skakel.

’n Kernkomponent van ons jaarlikse ‘omskakelingsveldtog’ is die aanlyn inisiatief **Maties 101**, wat fakulteite ’n geleentheid bied om hulle kundigheid ten toon te stel en inligting oor hulle studieprogramme te voorsien. Maties 101 het vanjaar van 3 tot 8 Oktober plaasgevind. Meer as 10 000 voorlopig aanvaarde voornemende studente is genooi om die reeks vooraf opgeneemde video’s te kyk en aan tien vraag-en-antwoord-sessies deel te neem.

Die studentewerwingspan het ook met fakulteite en studentesteunomgewings saamgewerk om in die laaste week van Oktober ’n **webinaarreeks** vir voornemende studente aan te bied. Die webinare het gehandel oor tydbestuur, studievaardighede, stresbestuur, Wiskunde-angs, raad aan ouers, en wenke oor die oorgang van hoërskool na universiteit.

Daarbenewens het ons in die tweede semester op **skakeling met skole** in die Noord- en Oos-Kaap gekonsentreer. Hierdie aktiwiteite het gewissel van kontak- en aanlyn skoolbesoeke tot deelname aan die loopbaanuitstallings van die Kaapse Loopbaanuitstallingsvereniging, en aanbiedings by ouer- en onderwyserinligtingsessies. Promosievideo’s en elektroniese publikasies is beskikbaar gestel aan skole in provinsies wat ons nie andersins kon bereik nie.

Die US het boonop aan die 20ste aanlyn Sasol Techno X-loopbaanuitstalling deelgeneem. Leerders en onderwysers van oor die hele land kon meer uitvind oor ’n verskeidenheid dissiplines en loopbaankeuses op die terrein van wetenskap, ingenieurswese, tegnologie en wiskunde, sowel as die lettere. Vyf US-fakulteite (AgriWetenskappe, Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) het deelgeneem.

## 2.2 SKEMA-tweedesemesterinname

As gevolg van verskille in akademiese kalenders het vanjaar se tweedesemesterkohort van die SKEMA-bestuurskool in mid-September met hulle klasse by die US begin. Hulle program duur tot die eerste week van Desember. Die groep van 189 studente woon meer as 30 kursusse by wat deur dosente van ons fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe en die Stellenbosch Bestuurskool aangebied word.

Die SKEMA-studente is deel van 'n konstante stroom inwaartse semesterstudente wat ons jaarliks besoek. Soos die tabel hieronder toon, het semesterstudente ná Covid-19 met mening na kontakonderrig teruggekeer, en die kohort hou aan groei.

| | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale inwaartse semesterstudente per jaar | 552 | 499 | 246 | 661 | 781 |

## 2.3 Internasionale Kosaand

Nadat dit weens Covid vir meer as twee jaar nié kon plaasvind nie, het die Internasionale Kosaand op 22 September 'n welkome herverskyning op die US se sosiale kalender gemaak (*sien foto hieronder*). By dié geleentheid, wat US Internasionaal gewoonlik elke semester aanbied, kan internasionale studente die tradisionele kos uit hulle onderskeie lande en kulture met plaaslike US-studente deel. Daar was vanjaar 22 tafels, en Viëtnam, Nigerië en Suid-Afrika is as die wenners van die aand aangewys.



## 2.4 Internasionale Konferensie vir Voorgraadse Navorsing

Die Internasionale Konferensie vir Voorgraadse Navorsing (ICUR), 'n hibridiese geleentheid waar voorgraadse studente hulle navorsing kan aanbied, het op 28 en 29 September plaasgevind. Die ICUR word deur 'n wêreldwye universiteitsnetwerk, waaronder die US, ondersteun, en die gashere was die Universiteit van Warwick (Verenigde Koninkryk) en Monash-universiteit (Australië).

Sewentien studente of studentegroepe van die US het deelgeneem. Hulle was van die departemente Menslike Voeding, Geneeskundige Mikrobiologie, Fisioterapie, Kliniese Anatomie, Huisartskunde, Biochemie, Patologie, Spraak-Taal- en Gehoorterapie, en Sportwetenskap.

## 2.5 Nagraadse Kantoor

### Verbetering van doktorale kwalifikasies

Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) het ons in Februarie in kennis gestel dat die Hoëronderwysgehalteraad goedkeuring verleen het vir ons verbeteringsplan in reaksie op die bevindinge van die nasionale beoordeling van doktorale kwalifikasies. Die RHO se nasionale verslag oor doktorsgrade is ook kort daarna gepubliseer.

Sedertdien staan die Nagraadse Kantoor in die Afdeling Navorsingsontwikkeling aan die stuur van ons institusionele selfverbeteringsprojek ten opsigte van ons doktorale kwalifikasies. Die prioriteitsgebiede is institusionele regulasies of riglyne vir promotors, formele opleiding vir nuwelingpromotors, die uitbreiding van opleiding in wetenskapskommunikasie, en die hersiening van regulasies. Ons eerste halfjaarlikse vorderingsverslag is op 7 Oktober by die RHO ingedien.

### Ontwikkeling van wetenskapskommunikasievaardighede

Die Nagraadse Kantoor se vaardigheidsontwikkelingsprogram het in die tweede semester onder meer daarop gekonsentreer om hulpbronne vir wetenskapskommunikasie uit te brei en ons nagraadse studente vaardiger openbare sprekers te maak. Een manier om dít te bereik is die FameLab-wedstryd – ’n kompetisie om die land se begaafdste nuwe wetenskapskommunikeerders te identifiseer en te ondersteun.

Die volgende drie nagraadse studente van die US het vanjaar die nasionale top tien gehaal:

- Tarryn Surajpal is ’n magisterstudent in Toegepaste Wiskunde in ons Fakulteit Natuurwetenskappe. Sy gebruik berekeningsvloeidinamika- (CFD-)modelle om stortings in die see te simuleer en sodoende te help verduidelik hoe die afvloeiwater van ontsoutingsaanlegte die seelewe beïnvloed.
- Tanya van Aswegen, ’n PhD-kandidaat in Psigiatrie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, ondersoek kinders se vroeë verhoudingservarings en hoe dit brein-, sosiale en emosionele ontwikkeling tot in die volwasse jare beïnvloed.
- Ewura-Esi Manful is ’n magisterstudent in Molekulêre Biologie, ook in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Met haar navorsing oor middelweerstandigheid by infeksiesiektes wil sy graag hoop skep vir diegene met middelweerstandige tuberkulose.




*Bron: Jive Media Africa*

## 2.6 Werksessie oor die Internet van Dinge (IoT)

’n IoT-werksessie is teen die einde van September in die Makerspace in die US Biblioteek aangebied. Die sessies was oop vir alle US-navorsers en het deelnemers van dissiplines en omgewings deur die hele Universiteit gelok. Hulle is bekend gestel aan die konsep van IoT en die grondbeginsels van programmering in die Arduino-omgewing vir navorsingsdoeleindes.

Die instrukteur was dr Kim Martin, leier van die US se Navorsingsagtewareontwerpgroep (RSE@SUN). Die borge van die geleentheid was die US se IoT-leerstoel, die Software Sustainability Institute (Verenigde Koninkryk), die Society of Research Software Engineering (Verenigde Koninkryk), en die Suid-Afrikaanse Nasionale Instituut vir Teoretiese en Berekeningswetenskappe.

## 2.7 Kortkursusse

Die post-Covid-herstel in ons kortkursusomgewing duur voort. Altesaam 440 kortkursusse is teen die middel van Oktober vir aanbieding vanjaar geregistreer en goedgekeur, waaronder 83 registrasies van Stellenbosch Bestuurskool-Bestuursontwikkeling. Dít is 19% meer as in 2021. Geregistreerde deelnemers het ook met 23% toegeneem. Daarbenewens is daar ’n duidelike terugkeer na die kontakaanbieding van kortkursusse.

## 2.8 Skep betrokke burgers

’n Groep van 42 sosiale-impak-studenteleiers het die kortkursus Bevorder Betrokke Burgerskap suksesvol voltooi en sal ko-kurrikulêre erkenning op hulle akademiese transkripte vir 2022 ontvang.

’n Nuwe kohort het ook sommer reeds op 5 September op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus met hulle opleiding begin.

By ’n toekenningsaand op 28 September het die Rektor van die US en die Stellenbosch-burgemeester boonop sertifikate oorhandig aan die 12 e’Bosch-gemeenskapsleiers wat ook die kursus voltooi het.

Bevorder Betrokke Burgerskap rus deelnemers toe met praktykgebaseerde vrywilligerervaring en die vermoë om werklike uitdagings in die samelewing die hoof te bied.

## 2.9 Integrasie van Matie Gemeenskapsdiens (MGD) met Afdeling Sosiale Impak

MGD se aktiwiteite was nog altyd ’n belangrike komponent van sosiale impak by die US. Die integrasie van dié funksie met die Afdeling Sosiale Impak verseker MGD se finansiële en bedryfstabiliteit en versterk sy gemeenskapswerk. MGD het ’n kommunikasieveldtog van stapel gestuur om belanghebbendes van die integrasieproses en die impak en voordele daarvan in kennis te stel.

## 2.10 Longitudinale toegang tot SUNLearn-materiaal

Die Sentrum vir Leertegnologieë, Innovus en IT het bewus geword van ’n behoefte aan longitudinale toegang tot SUNLearn-modules vir studente, veral in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se MBChB-program. Sodoende sal studente toegang hê tot materiaal van vorige studiejare tot en met hulle finale jaar in ’n program.

Om op die versoek te reageer, sal ons begin deur die omvang van die behoefte te bepaal. Op grond daarvan sal ons dan besluit of Innovus samesprekings met DALRO moet aanvoor om die toegangsklousule van ons allesomvattende lisensieooreenkoms te herbeding. Die koste-implikasie vir die US moet ook in ag geneem word. Indien longitudinale toegang geïmplementeer word, sal dit ook veranderinge aan die Universiteit se datastrukture, rekordbestuur en akademiese beleide vereis.

## 2.11 Camp 2030

In antwoord op MGD en die Afdeling Sosiale Impak se versoek dat koshuisstudente aansoek doen om Camp 2030 by te woon, het twee US-studente uiteindelik in mid-September hierdie ses dae lange internasionale geleentheid in die hartjie van New York meegemaak. ’n Paar US-omgewings het bygedra om die koste van hulle bywoning, waaronder hulle registrasie- en visumfooie, te dek.

Stanley Msiska, ’n PhD-student in Ingenieurswese van die senior koshuis Concordia, en Stefani Terblanche, ’n student in BA Internasionale Studie van Metanoia-koshuis, het hulle in die Nasionale Park Adirondack by 250 van die wêreld se voorste jeugleiers aangesluit. Hier het hulle innoverende oplossings vir van die grootste uitdagings ter wêreld help ontwikkel, terwyl hulle boonop sinvolle verhoudings met hulle eweknieë van ander wêrelddele kon bou. Die klem het veral op die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte geval.

Stanley en sy span het vorendag gekom met die MAJI-toepassing, wat die opsporing en spoedige herstel van waterstelselfoute vergemaklik. Die toepassing werk op alle slimfone en rekenaars en sal betroubare watervoorsiening in ontwikkelende lande ondersteun. MAJI was nie net onder die drie beste innovasies by die kamp nie, maar die uitvinders van die toepassing sal ook mentorleiding van finansiers ontvang om die uitvinding te implementeer.

Camp 2030 is ’n inisiatief van UNITE 2030, ’n wêreldwye beweging van jong leiers wat daartoe verbind is om armoede, ongelykheid, onreg en klimaatsverandering teen 2030 te beëindig.

## 2.12 Maties Sport

Maties het uitgeblink by die onlangse **kampioenskapstoernooi van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA)**. Ons spanne het goud gewen in die afdelings vir mansrugby, manshokkie, vrouehokkie, netbal, vrouesewesrugby en e-sport.



*Span US by die USSA-kampioenskapstoernooi 2022*

Vyf van ons huidige studente-atlete en 12 alumni het ook aan die **Statebondspele 2022** in Birmingham, Verenigde Koninkryk, deelgeneem. Hulle het Suid-Afrika, Zambië, die Seychelle en Skotland verteenwoordig.

ʼn Verdere vyf Maties het aan vanjaar se **spele van die Konfederasie van Universiteit- en Kollegesportverenigings (CUCSA)** in Malawi deelgeneem en vyf medaljes verower.

Maties Sport se Eenheid vir Ontspanning en Leefstyl (RALU) het in Augustus ʼn **Matiefietsdag** gehou. Die geleentheid was die eerste van sy soort en het sanitêre produkte ingesamel om aan vrouestudente in nood te skenk. In September het RALU boonop met die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport saamgewerk om ʼn **dag van inheemse spele** aan te bied. Dit het heel gepas saamgeval met die Internasionale Dag van Universiteitsport (20 September).

ʼn Nuwe **vennootskap tussen Pro Events en Maties Sokker** behels ʼn skenking vir hoëprestasiesportbeurse én ʼn borgskap om die US se sokkerprogram te ondersteun. Die klem val op kampus-, liga- en USSA-sokkerkampioenskapstoernooie.

Wat sosiale impak betref, was sowel die Vrouesokker- as Netbalklubs by gemeenskapsprojekte betrokke.

## 2.13 Jaarlikse US-tegnothon

Vanjaar se US-tegnothon in September was ʼn uiters suksesvolle samewerking tussen Innovus, Capitec Bank, Entersekt, Von Seidels en Z-Park.

Die geleentheid, wat uit ʼn finansiëletegnologie- en ʼn datawetenskapuitdaging bestaan, oorbrug die gaping tussen die akademie en die datawetenskap- en sagtewareontwerpbedryf deur studente die geleentheid te bied om bedryfsuitdagings te help oplos. Die tegnothon skep nie net ʼn entrepreneursgees op kampus nie, maar bied ook waardevolle leergeleenthede vir studente, vul klaskameronderrig aan en versterk die algehele studente-ervaring.

Die finansiëletegnologieafdeling het 29 deelnemers gelok, terwyl 45 studente vir die datawetenskapuitdaging ingeskryf het.

## 2.14 Entrepreneursoefenkamp

Om Stellenbosch en omgewing as ʼn innoverende kennisstreek te vestig, is dit noodsaaklik dat ons die entrepreneurskultuur op kampus versterk. Innovus gebruik onder meer sy jaarlikse entrepreneursoefenkampe vir studente om ʼn entrepreneursgesindheid deur die hele US aan te moedig. Vanjaar se oefenkamp op 5 en 6 September het 54 studente van die fakulteite

Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe gelok.

# TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie tema word soos volg in *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* beskryf: "As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk met belanghebbendes, die gemeenskappe wat ons bedien, die bedryf, die regering en ons universiteitsvennote in plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid."

## 3.1 AUDA-NEPAD SANWATCE

Die AUDA-NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE) het van 19 tot 21 Oktober aan die jaarlikse WaterNet/WARFSA/GWP-SA-simposium by Sun City deelgeneem. Die netwerksekretariaat, wat in US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika geleë is, het twee spesiale sessies as deel van die simposium gereël.

Die eerste het gehandel oor die **Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se Waternavorsingsagenda**, wat die eerste keer in 2015 bekend gestel is om die streek te verbind tot navorsingsvermoëbou en die toepassing van navorsingsbevindinge in waterhulpbronbeplanning en -bestuur. Die SANWATCE-sessie het 'n geleentheid gebied vir gesprek oor die hersiening en bywerking van die agenda sodat dit relevant kan bly vir die behoeftes van die watersektor in die streek.

Die tema van die tweede sessie was die bevordering van die **Watersekerheid in Afrika- (WASA-)program**, wat die Duitse Federale Ministerie van Onderwys en Navorsing in 2021 van stapel gestuur het. Verskeie belanghebbendes uit die Suider-Afrikaanse streek het deelgeneem.

## 3.2 Afrika-navorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA)

Die US bly 'n aktiewe deelnemer aan ARUA. Ons het onder meer op 20 en 21 September aan die **ARUA-viserektorsvergadering** in Accra, Ghana, deelgeneem. Dr Nico Elema van die Sentrum vir Samewerking in Afrika het die byeenkoms namens prof Sibusiso Moyo, ons Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, bygewoon. Op die sakelys was items soos universiteitsbesoeke om databestuurspraktyke te standaardiseer, die ARUA-sekretaris-generaal prof Ernest Aryeetey se besoeke aan vennootinstellings, en terugvoer oor ledegeld.

Ander besprekingspunte was:

- die desentraliseringstrategie om ARUA verder by lede-instellings in werking te stel, waaronder die skep van werkgroepe wat uit die onderskeie instellings se dekane en regstrateurs bestaan;
- die skep van 'n verdere sewe ARUA-sentrums van uitnemendheid; en
- die ontwikkeling van 'n PhD-program.

Op 2 en 3 November het die visekanseliers van die **Gilde van Europese Navorsingsintensiewe Universiteite** en dié van ARUA in Kaapstad byeengekom om die tematiese klusters van uitnemendheid by instellings in albei netwerke te bespreek.

Om met die Gilde/ARUA-visekanseliersvergadering saam te val, het die US boonop ’n **tweede ARUA-databestuurswerksessie** aangebied. Altesaam 72 deelnemers van oor die hele Afrika was daar om vordering, lesse en toekomstige samewerking tussen ARUA-vennote op die gebied van navorsing en institusionele databestuur te bespreek. Prof Ian Cloete van ons Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het ook ’n sessie aangebied.

## 3.3 OBREAL Global Forum vir Skenkerharmoniëring 2022

By die skryf van hierdie verslag sou dr Nico Elema van die Sentrum vir Samewerking in Afrika ook van 23 tot 25 November as hoofspreker optree by die OBREAL Global Forum vir Skenkerharmoniëring in Barcelona, Spanje. OBREAL Global is ’n vereniging wat Suid-Suid-Noord-samewerking in die hoër onderwys en navorsing aanmoedig. Die doel van die forum is om samewerking te versterk tussen hoëronderwysskenkers, die implementeringsagentskappe van vermoëbouprogramme, en hulpbronorganisasies soos die Internasionale Vereniging van Universiteite, die Wêreldbank, UNESCO en die Vereniging van Afrika-universiteite.

## 3.4 Sosiale-impakgeleentheid vir Kampusgesondheidsdiens

Die Kampusgesondheidsdiens (KGD) het mediese sportbystand gebied by die Primêre Skool Klapmuts se jaarlikse sewesrugbytoernooi in September (*sien foto’s hieronder*). Boonop het nagraadse studente in Sport- en Oefeninggeneeskunde waardevolle praktiese ervaring langs die veld opgedoen.







## 3.5 Samewerking vir boekbekendstelling

Die Afdeling Sosiale Impak het Wêreldonderwyserdag (5 Oktober) op gepaste wyse gevier deur die bekendstelling van ’n boek deur elf Suid-Afrikaanse onderwyser–skrywers te ondersteun. Die skrywers, van wie baie Stellenbossers is, vertel in die boek van hulle onderwyservarings. Die bekendstelling van *Lifelong Learning*, wat deur dr Eleanor Damon saamgestel is, is by die Ou Lückhoff-skoolgebou aangebied. Ons Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel het tot die drukkoste bygedra, en die Afdeling Sosiale Impak het met die logistiek vir die bekendstelling gehelp.

## 3.6 Skade aan Danie Craven-stadion

Gedurende die MTN-sokkerhalfeindstryd tussen die Stellenbosch-sokkerklub en Kaizer Chiefs op 28 Augustus by die Danie Craven-stadion het toeskouers sonder kaartjies 270 veiligheid- en sekuriteitspersoneel oorweldig en R109 000 se skade aan die stadion aangerig. Die Premiersokkerliga (PSL) het Kaizer Chiefs ’n stewige boete opgelê en reeds die totale koste van die skade oorbetaal. Ons Geleentheidsrisikobestuurskantoor het intern gesprek gevoer om die lesse uit die voorval te bespreek. Maties Sport sal voortaan bykomende voorsorgmaatreëls tref om ’n herhaling te voorkom.

## 3.7 Verhuringskantoor

Nuwe huurders is bekom vir die meeste van die persele in die Neelsie-studentesentrum wat as gevolg van die pandemie leeggestaan het. Algehele huurderomset dui daarop dat handelsvlakke minstens teruggekeer het tot waar dit voor Covid-19 was.

Noudat die US se beleid oor langertermynverhurings uiteindelik goedgekeur en aanvaar is, is alle huurooreenkomste wat Fasiliteitsbestuur voorheen bestuur het na die Verhuringskantoor oorgedra. Sodoende word alle langertermynverhurings deur ’n enkele struktuur bestuur, soos wat die beleid bepaal. Die Sentrale Geleentheids- en Konferensiekantoor het terselfdertyd die bedryfsbestuur van gasteverblyf (Crozierhof en Waldenhof), vakansie- en groepverblyf in ons studentekoshuise, verfilming op US-eiendom en lokaalverhuring (Rooiplein en die Vroueverenigingsaal in die Neelsie) oorgeneem – ook in pas met die beleid.

## 3.8 Handelsmerkvennootskappe

Die US het ’n vennootskap aangegaan met HyperionDev, een van Suid-Afrika se grootste opleidingsinstellings wat in aanlyn koderingsoefenkampe spesialiseer. Die doel is om gesamentlike oefenkampe vir intreevlakposte op die gebied van webontwikkeling, datawetenskap en sagtewareontwerp aan te bied.

Daarbenewens maak die leerskoenvervaardiger Veldskoen nou ’n Maties x Veldskoen met maroen sole sowel as plakkies met die Matie-handelsmerk op, en het die maatskappy ingestem om 5% van alle verkope te skenk aan die Bridge the Gap-fonds van ons Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge. Bridge the Gap bied voedselsekerheid- en finansiële bystand aan US-studente in nood.

# TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Volgens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* behels hierdie tema die volgende: “Die US pak hiermee ’n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder ’n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as ’n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne ’n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook ’n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as ’n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep ’n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde ’n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

## 4.1 Opleiding deur Periperi U

Die sekretariaat van die Periperi U-ramprisikoverminderingsnetwerk, wat in US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika geleë is, het onlangs in vennootskap met die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram ’n reeks kortkursusse oor klimaats- en ramprisikofinansiering van stapel gestuur.

Die vier dae lange opleidingsessies rus senior staatsamptenare van oor die hele vasteland toe met ’n basiese kennis van die grondliggende konsepte, metodologieë en instrumente van klimaats- en ramprisikofinansiering. Die inhoud word deur vennote in die Periperi U-netwerk sowel as gassprekers van die Wêreldbank en die Verenigde Nasies aangebied.

Drie aanlyn sessies is tussen September en November aangebied, en ’n kontakwerksessie word vir Februarie 2023 by die US beplan.

## 4.2 Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN) skakel weer

US Internasionaal se jaarlikse SIAN-byeenkomste bied ons internasionale vennote ’n geleentheid om met ons te skakel en aktuele kwessies op die terrein van internasionalisering te bespreek.

Die byeenkomste word sedert 2020 aanlyn aangebied. Vanjaar se aflewering op 12 en 13 Oktober was ’n ‘ligter’ weergawe met slegs ’n oggend- en middagsessie en het 27 internasionale deelnemers gelok. Die program het meestal gehandel oor inisiatiewe wat sedert die pandemie van stapel gestuur is, soos die nuwe US-Japan-sentrum (*sien hieronder*) en die SDG/2063 Impact Hub. Daar is ook sterk klem gelê op hoe instellings die nuwe normaal van internasionalisering ná Covid moet hanteer.

## 4.3 US-Japan-sentrum

Die US-Japan-sentrum (USJS) het sedert sy bekendstelling in Augustus al ’n hele paar aktiwiteite aangebied.

Die Sentrum was byvoorbeeld gasheer vir dr Chihiro Kumashiro van die Tokio Universiteit vir Buitelandse Studie (TUFS), wat ’n **aanbieding oor Japan se Innoverende Afrikaprogram (IAfP)** gelewer het. Die IAfP bevorder opvoedkundige skakeling om Afrika se strewe na die internasionale volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te ondersteun. Dr Kumashiro het ook met US-studente oor moontlike uitruilgeleenthede met TUFS gesels en met verteenwoordigers van die fakulteite Regsgeleerdheid sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe vergader.



*Van links: Mnr Thami Mahlobo (US Internasionaal), prof Vasti Roodt (Lettere en Sosiale Wetenskappe), dr Chihiro Kumashiro (Tokio Universiteit vir Buitelandse Studie), prof Scarlett Cornelissen (USJS-direkteur), prof Lindy Heinecken (Lettere en Sosiale Wetenskappe) en me Sarah van der Westhuizen (US Internasionaal).*

Die USJS het ook op 24 September deelgeneem aan die **viering van Japandag**, wat die Japanse konsul in Kaapstad by Hoërskool Jan van Riebeeck aangebied het. Die Sentrum het ’n inligtingstalletjie gehad om feesgangers van sy aktiwiteite te vertel, en het vervoer gereël sodat US-studente die geleentheid kon bywoon.

Laastens het die USJS teen die einde van September ’n **inligtingsessie oor die Japanse Uitruil-en-onderrigprogram (JET)** aangebied. Hierdie program, wat deur die Japanse regering gefinansier word, is op Suid-Afrikaanse universiteitsgegradueerdes afgestem, en bied hulle ’n geleentheid om minstens ’n jaar as assistenttaalonderwysers in skole in Japan deur te bring. Japanse konsul Jiro Nishimura en JET-alumni het die sessie aangebied, en 50 US-studente van verskillende fakulteite het dit bygewoon.

# TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK


Volgens [*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*] impliseer navorsing vir impak by die US “die **optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing**. Die klem val op interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in

nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien".

## 5.1 Nadoktorale navorsingsgenote



Ons het in September die prestasies van ons 20 beste nadoktorale navorsingsgenote gevier.







Onderhoude met nadoktorale genote is ook van September tot Oktober op 'n toegewyde webtuiste gepubliseer én op die Universiteit se Facebook-blad en die Twitter-rekening Research@SU geplaas.

Die US beskik oor meer as 350 nadoktorale genote. Die genote is oor alle fakulteite versprei, maar die meeste is in Natuurwetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, AgriWetenskappe en Ingenieurswese geleë. Ons planne vir ná 2022 is om ons groep nadoktorale genote oor die volgende vyf jaar te verdubbel.

## 5.2 Navorsingsontwikkeling se vermoëbou- en inligtingsessies

Die jongste **vermoëbousessies** wat die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) as deel van hulle jaarlikse werksessiereeks aangebied het, is:

- "Gebruik sosiale media om jou navorsingsigbaarheid te verhoog"deur Rene van der Berg op 20 Oktober;
- 'n navorsingsindaba in samewerking met die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie op 26 Oktober; en
- 'n reeks oor nagraadse studieleiding deur prof Chrissie Boughey van 1 tot 29 November.

ANO se jaarlikse **inligtingsessies** stel op sy beurt sowel nuweling- as gevestigde navorsers in kennis van die bystand wat die Afdeling voorsien. Vanjaar se aanlyn sessies is weer baie goed ontvang.

## 5.3 Stellenbosch Forum-lesingreeks

ANO se jaarlikse Stellenbosch Forum-lesingreeks is in 1990 bekend gestel en bied US-personeel en -studente sowel as lede van die publiek gereelde geleenthede om meer oor die Universiteit se wêreldklasnavorsing uit te vind. Die lesings word op 'n toeganklike en verstaanbare manier

aangebied sodat akademici én nie-akademici ’n platform het om oor dissiplinêre grense heen krities gesprek te voer.

Alle lesings draai om hoe navorsing benut kan word om te midde van snelle verandering in natuurlike hupbronne, gesondheid, onderwys, geskiedenis en ekonomieë na moontlike oplossings te soek. Die volgende lesings het in die verslagtydperk plaasgevind:

| Aanbieder | Datum | Departement | Onderwerp | Opname |
|---|---|---|---|---|
| **Prof Keymanthri Moodley** | 18 Aug | Geneeskunde | Digitalisering van gesondheidsorg: Pas aan by verandering | Kyk hier |
| **Prof Bob Mash** | 15 Sep | Huisarts- en Noodgeneeskunde | Klimaatsverandering: Die grootste wêreldwye gesondheidsbedreiging van die 21ste eeu | Kyk hier |
| **Prof Sandra Swart** | 29 Sep | Geskiedenis | Zombie-soölogie: Die einde van uitsterwing? | Kyk hier |
| **Prof Mark Smith** | 7 Okt | Stellenbosch Bestuurskool | ’n Vierdagweek: Tyd om slimmer te werk? | Kyk hier |

## 5.4 Navorsingsetiek en -integriteit

Die Sosiale, Gedrags- en Onderwysnavorsingsetiekkomitee (NEK: SGO) het met kommer kennis geneem van ’n toename in nagraadse studente wat navorsingsetiekvereistes verontagsaam.

Die NEK: SGO het vanjaar met ses gevalle te doen gekry waar navorsers hetsy sonder bevestiging van etiekgoedkeuring met werwing en dataversameling voortgegaan het, of van bepaalde voorwaardes of regulasievereistes vir hulle studies afgewyk het sonder om die NEK in kennis te stel. In twee van hierdie gevalle is ’n verbod op die studente se tesisse geplaas.

Die NEK: SGO sal die kwessie aan die NEK van die Senaat voorlê. Intussen word daar ’n beroep op dekane gedoen om alle nagraadse studente aan te moedig om hulle van die etiekgoedkeuringsproses en -vereistes te vergewis deur dit met hulle studieleiers en departementele koördineerders te bespreek.

## 5.5 Internasionale Ooptoegangweek

Internasionale Ooptoegangweek word in Oktober elke jaar gevier ter bevordering van die praktyk om gepubliseerde navorsing vryelik beskikbaar te stel. Vanjaar se geleentheid het oor klimaatsverandering en -geregtigheid gehandel. Die US Biblioteek het sprekers van oor die hele US-gemeenskap gereël vir drie hibridiese sessies oor onderskeidelik klimaatsdiversiteit (26 Oktober), klimaatstudie en wêreldwye leierskap (27 Oktober) en klimaatsvolhoubaarheid en ooptoegangaktivisme (28 Oktober). Die teikengehoor was nagraadse studente en navorsers.

# TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* beskryf ons mense as ons eerste “instaatsteller”, en een van die elemente “wat alles moontlik maak”, en sê dan: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewe om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

## 6.1 Trilaterale PASD-personeelontwikkelingsprogram


US Internasionaal en Menslike Hulpbronne het van 4 tot 7 Oktober die heel eerste aflewering van ’n unieke trilaterale personeelontwikkelingsprogram aangebied wat spesifiek afgestem is op die professionele administratiewe steundienste- (PASD-)personeel van die US, die Universiteit van Hamburg (Duitsland) en Northwestern-universiteit (Verenigde State).

Vyf personeellede van Hamburg, vier van Northwestern en nege van die US het deelgeneem (*sien foto hieronder*). Die tema was “Inklusiewe internasionale vaardighede”, en die program het klem gelê op PASD-personeel se potensiaal om impakryke internasionaliseringspraktisyns in hulle onderskeie omgewings te wees. Die volgende aflewerings van die program sal by Northwestern (2023) en Hamburg (2024) aangebied word.



## 6.2 Besering aan diens

KGD se Beroepsgeneeskundespan het opgemerk dat nie alle personeellede die prosedure vir die aanmelding van ’n besering aan diens, veral ná ’n traumatiese voorval, reg verstaan nie. Verkeerde aanmelding plaas die doeltreffende bestuur van geaffekteerde werknemers op die spel. Die figuur hieronder toon die proses wat gevolg moet word, waarvan die kritieke eerste stap is om die besering aan diens direk by die lynbestuurder aan te meld. KGD het hierdie inligting in Oktober aan lynbestuurders oorgedra.




## 6.3 Aktiwiteite vir organisatoriese welstand

Die Werknemerwelstandskantoor het vir Vrouemaand met die finansiëlewelstandsmaatskappy Money Messages saamgewerk om ’n webinaar oor slim finansiële bestuur vir ons vrouepersoneel aan te bied. Die Universiteit het boonop ’n finansiëlewelstandsdiens vir plaaswerkers en tegniese personeel by die Mariendahl- en Welgevallen-proefplaas van stapel gestuur, dié keer in vennootskap met Life Health. Personeel geniet toegang tot individuele en persoonlike bystand van ’n professionele finansiële raadgewer.

Wat fisiese welstand betref, het ons US-personeelsokkerspan van 29 September tot 2 Oktober aan die toernooi van die USSA-personeelsportvereniging deelgeneem, waarvoor Rhodes-universiteit as gasheer opgetree het.

## 6.4 Senior aanstellings

Die proses vir die heraanstelling van die Bedryfshoof is byna klaar, en die uitkoms sal binnekort bekend gemaak word.

---

**Prof Wim de Villiers**
**Rektor en Visekanselier**

## MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE (3 Augustus tot 19 Oktober 2022)

### Meningsartikels

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Sascha-Dominik Bachmann<br><br>Dr Dries Putter | Universiteit van Canberra<br><br>Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap in Afrika (SIGLA) | South Africa needs stronger security in place to stop the sabotage of its power supply | The Conversation (3 Aug) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Rape is endemic in South Africa. Why the ANC government keeps missing the mark | The Conversation<br><br>(4 Aug) |
| Dr Leslie van Rooi | Sosiale Impak en Transformasie | Networks can be powerful agents of change, not 'Wolf of Wall Street' profit-making power bases | Daily Maverick (4 Aug) |
| Dr Yogan Pillay | Publieke Gesondheid en Gesondheidstelsels | Aids 2022 – Urgent need to engage communities and youngsters as part of HIV response | Daily Maverick (5 Aug) |
| Dr Clara Wepener<br><br>Prof Cas Wepener | Universiteit van Pretoria<br><br>Praktiese Teologie en Missiologie | Daar is ook goeie nuus oor kerke | Die Burger (6 Aug) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Women's Day 2022: Just another day on the island of Lord of the Flies | Daily Maverick (7 Aug) |
| Dr Justin Pearce | Geskiedenis | Angola's Eduardo dos Santos: an unlikely leader known for his 'judicious' use of violence | The Conversation<br><br>(8 Aug) |
| Drs Cyrill Walters & Armand Bam<br><br>Prof Patrizio Piraino | Stellenbosch Bestuurskool<br><br>Universiteit van Notre Dame | Women have always trailed men in research output: how COVID made the situation worse | The Conversation<br><br>(8 Aug) |
| Drs Karen Garner & Chantelle van Staden | Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese | Women bright sparks needed in electrical and electronic engineering | Mail & Guardian<br><br>(8 Aug) |
| Prof Juliana Claassens | Ou en Nuwe Testament | Women's day: Time for leisure is not a luxury. It's a basic human right | News24 (9 Aug) |
| Prof Louise du Toit | Filosofie | Aktiviste wat mobiliseer wys vroue is méér as net slagoffers | Netwerk24 (9 Aug) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | A new world order on the broken power of the West | Business Live<br><br>(10 Aug) |
| Prof Dion Forster | Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | Marikana massacre: South Africa needs to build a society that's decent and doesn't humiliate people | The Conversation<br><br>(11 Aug) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Gedeelde toekoms vir Afrikaans moet weet van sy wortels | Netwerk24 (12 Aug) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Keliah Daniels | BA-student (Internasionale Studie) | Liewe jong mens, daar's geen haas! | Netwerk24 (12 Aug) |
| Prof Jason Bantjes<br><br>Dr Xanthe Hunt | Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad/Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing<br><br>Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing | Can technology help to promote students' mental health? | Mail & Guardian (13 Aug) |
| Dr Callista Kahonde | Sentrum vir Gestremdheid- en Rehabilitasiestudie | People with intellectual disability have a right to sexuality – but their families have concerns | The Conversation (16 Aug) |
| Dr Justin Pearce | Geskiedenis | Angola's 2022 election: an unfair contest the ruling MPLA is sure to win | The Conversation (17 Aug) |
| Prof Abel Esterhuyse | Strategiese Studie | South Africa's foreign policy: new paper sets the scene, but falls short on specifics | The Conversation (18 Aug) |
| Prof Francois Vreÿ<br><br>Dr George Kobina vanDyck | SIGLA<br><br>Regional Maritime-universiteit | Ghana has developed a maritime policy. Here is what it means | The Conversation (18 Aug) |
| Prof Andre Jooste & Luther Chipembere | Landbou-ekonomie | As party subsidies meer 'gelyk' is as ander … | Landbouweekblad (18 Aug) |
| Dr Callixte Kavuro | Publiekreg | SA needs to rethink its definition of what constitutes asylum seeking | Mail & Guardian (22 Aug) |
| Prof Jason Bantjes<br><br>Dr Kerry-Ann Louw | Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad/Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing<br><br>Psigiatrie | New study helps us to understand perinatal suicide in South Africa | Daily Maverick (22 Aug) |
| Prof Louise du Toit | Filosofie | Sexual violence in South Africa: where are the male victims? | The Conversation (23 Aug) |
| Dr Michelle Botha | Sentrum vir Gestremdheid- en Rehabilitasiestudie | Casual Day raises questions about the visibility and belonging of disabled South Africans | Mail & Guardian (1 Sep) |
| Bongani Mapumulo | Registrateursafdeling | Social and redistributive justice for persons with disabilities | Cape Times (2 Sep) |
| Dr Callista Kahonde | Sentrum vir Gestremdheid- en Rehabilitasiestudie | Invisible but crucial: Role of caregivers in lives of persons with intellectual disabilities | News24 (2 Sep) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Pageants can be a gateway to opportunity | City Press (4 Sep) |
| Dr Keanu Martin | Plant- en Dierkunde | Blueberries and their pollinators aren't native to South Africa but local honey bees can help | The Conversation (6 Sep) |
| Gideon Basson & prof Sandra Liebenberg | Publiekreg | Respected constitutional lawyers speak out — 'human right to healthcare transcends national borders' | Daily Maverick (8 Sep) |

| **OUTEUR** | **VAN (omgewing of afdeling)** | **OPSKRIF** | **PUBLIKASIE (klik vir artikel)** |
|---|---|---|---|
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Trump the malignant sadness | News24 (8 Sep) |
| Prof Jason Bantjes | Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad/Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing | Take action on suicide prevention instead of just talking about it | Mail & Guardian (9 Sep) |
| Dr Chris Jones | Sistematiese Teologie en Ekklesiologie/Eenheid vir Morele Leierskap | Investing in and developing our human capital is essential for the future of South Africa's democracy | Daily Maverick (13 Sep) |
| Corli Bernhardt | BA-student (Visuele Kunste) | 'Kill the boer': Ons benodig simpatie vir mekaar | Netwerk24 (13 Sep) |
| Dr Charles MacRobert | Siviele Ingenieurswese | Burst mining dam in South Africa: what must be done to prevent another disaster | The Conversation (14 Sep) |
| Prof Ursula van Beek | Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie | Populism and identity politics stand as enemies of democracy | News24 (15 Sep) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | How do we launch youth from springboard of hope? | City Press (18 Sep) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | South Africa's farm exports are an economic lifeline – with weak spots | The Conversation (19 Sep) |
| Obaa Akua Konadu-Osei | PhD-student (Ondernemingsbestuur & - administrasie) | African ubuntu can deepen how research is done | The Conversation (20 Sep) |
| Prof Francois Vreÿ | SIGLA | South Africa is surrounded by sea but doesn't have a plan to protect it: three steps to get one | The Conversation (20 Sep) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Heritage Day: A reminder of the communal promise to work towards an equality for all country | Mail & Guardian (20 Sep) |
| Keri Lambooy & Megan Lee | BSc-studente (Dieetkunde) | The truth about 'forbidden foods' and what it means for your heart | News24 (20 Sep) |
| Tim Zajontz | Filosofie | Can plans to upgrade the 'Uhuru Railway' be achieved? | The Mercury (22 Sep) |
| Prof Johan Fourie<br><br>Prof Maria Santana Gallego | Ekonomie<br><br>Universiteit van die Baleariese Eilande | Hosting the FIFA World Cup brings benefits. But not as many as politicians claim | The Conversation (22 Sep) |
| Dr Chris Jones | Sistematiese Teologie en Ekklesiologie/Eenheid vir Morele Leierskap | Building our heritage – Your words could be causing harm | News24 (24 Sep) |
| Dr Jessica Ronaasen | Maatskaplike Werk | Business mentoring and support in South Africa: how principals can improve early childhood development centres | The Conversation (25 Sep) |
| Prof Vasti Roodt | Filosofie | Onus rus op elkeen om mekaar te help | Rapport (25 Sep) |
| Prof Bob Mash | Huisarts- en Noodgeneeskunde | Family physicians can do a lot to save SA's ailing public health system | Daily Maverick (25 Sep) |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Lize Barclay | Stellenbosch Bestuurskool | Greener, smarter and safer tourism for a better future for all | Business Live (26 Sep) |
| Jaco Louw | PhD-student (Filosofie) | Wat is die nut van filosofiese berading? | Netwerk24 (27 Sep) |
| Susan Njeyiyana | Algemene Taalwetenskap | Deaf deserve to be heard | Mail & Guardian (29 Sep) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Maak Oktober 'Hooptober' – want jy kán 'n verskil maak | Netwerk24 (29 Sep) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Imagine if SA invested in people | Financial Mail (29 Sep) |
| Dr Chris Jones | Sistematiese Teologie en Ekklesiologie/Eenheid vir Morele Leierskap | Kru kletswoorde wat kwets | Die Burger (1 Okt) |
| Dr Gibson Ncube | Engels | Trevor Noah brought a new perspective to TV satire – as well as a whole new audience | The Conversation (3 Okt) |
| Drs Hylton Hollander, Daan Steenkamp & Roy Havemann | Ekonomie | A basic income grant for South Africa: more money in poor people's pockets, but at a heavy cost | The Conversation (4 Okt) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Proposed new basic education act has potential to eradicate schooling inequalities | Daily Maverick (4 Okt) |
| Dr Zelda Barends | Kurrikulumstudie | The reality of the classroom is often a stumbling block | News24 (5 Okt) |
| Florence de Vries | Bemarking en Kommunikasie (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) | Get wise to the words – it's time to mind our language around those living with mental illness | Daily Maverick (5 Okt) |
| Cornelia Malherbe<br><br>Corne Schutte<br><br>Johan Nel | Navorsingsontwikkeling<br><br>Bedryfsingenieurswese<br><br>SASOL | How to tackle research agreements with industry partners | University World News (6 Okt) |
| Prof Vasti Roodt | Filosofie | Vrede is net die moeite werd as jy ook vry is | Rapport (9 Okt) |
| Dr Bronwyne Coetzee<br><br>Dr Maria Loades | Sielkunde<br><br>Universiteit van Bath | Where do we begin in making mental health and wellbeing a global priority for all? | News24 (10 Okt) |
| Proff Ernst van der Wal & Stella Viljoen | Visuele Kunste | Time to cultivate gentle relationships | Cape Times (10 Okt) |
| Prof Soraya Seedat | Psigiatrie | Mental disorders continue to be widespread, under-treated and under-resourced | Daily Maverick (10 Okt) |
| Sumaya Hendricks<br><br>Qhamani Neza Tshazi | Nelson Mandela-stigting<br><br>PhD-student (Stad- en Streeksbeplanning) | Early childhood development centres' battle for formalisation hurts the poor | Mail & Guardian (12 Okt) |
| Irene Labuschagne | Menslike Voeding | Mothers and caregivers need nutrition education to protect children in food-insecure environment | Mail & Guardian<br><br>(13 Okt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Aslam Fataar | Opvoedingsbeleidstudie/ Transformasiekantoor | Can SA universities be incubators of 'societal good'? | University World News (13 Okt) |
| Prof Xikombiso Mbhenyane | Menslike Voeding | So much more needs to be done to end hunger, malnutrition | Cape Times (14 Okt) |
| Henk Stander | Akwakultuureenheid/Waterinstituut | 'Waterboerdery' kan só help | Die Burger (15 Okt) |
| Dr Scott Drimie | Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium | Innovation and collaboration are critical to addressing food insecurity | Business Day (16 Okt) |
| Dr Eric Atmore | Opvoedingsbeleidstudie | President Ramaphosa must 'lead from the front' to improve SA's early childhood development services | Daily Maverick (17 Okt) |
| Prof Bob Mash | Huisarts- en Noodgeneeskunde | The climate crisis is also a healthcare crisis and we must start preparing ourselves now | Daily Maverick (17 Okt) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | 'Wanneer inklusiwiteit Engels laat oorheers' | Netwerk24 (19 Okt) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Joernalis as beskuldigde wek erge kommer | Netwerk24 (19 Okt) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Murder of Johannesburg sex workers shows why South Africa must urgently decriminalise the trade | The Conversation (19 Okt) |

## Rubrieke

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | Die (baie) lank en kort van boere se welvaart | Rapport (14 Aug) |
| | | Meer polisielede? Nee, eerder effe meer dínk | Rapport (11 Sep) |
| | | Dis hoekom aantreklike mense meer verdien | Rapport (9 Okt) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Dis hel om vrou in SA te wees | Netwerk24 (23 Aug) |
| | | Misdaad gedy in wettelose land | Netwerk24 (6 Sep) |
| | | Dié vroue mik na ANC-topses | Netwerk24 (4 Okt) |
| | | Maak oudste beroep veiliger | Netwerk24 (18 Okt) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | Thank you for your taxes, SA. Here's a slogan of appreciation | Times Live (3 Aug) |
| | | Muir College gave more than 100% to reach 200 | Times Live (10 Aug) |
| | | Forked-tongue education: have we learnt nothing? | Times Live (17 Aug) |
| | | Ramathuba's churlish comments have no place in SA government | Times Live (24 Aug) |
| | | Take a page from their book — not our MPs', of course | Times Live (31 Aug) |
| | | Where and what you study will make all the difference | Times Live (7 Sep) |
| | | The queen could have made amends before she passed | Times Live (14 Sep) |
| | | What a revolting idea! | Times Live (22 Sep) |

| **OUTEUR** | **VAN (omgewing of afdeling)** | **OPSKRIF** | **PUBLIKASIE (klik vir artikel)** |
|---|---|---|---|
| | | Expecting kids to do maths | |
| | | You know it's bad when ANC values Solidarity after years of cadre deployment | Times Live (29 Sep) |
| | | Why is academic xenophobia a threat to the future of the South African university? | Times Live (5 Okt) |
| | | How did we stray from the simple principle of right and wrong? | Times Live (12 Okt) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Dít is wanneer transformasie begin blom | Die Burger (3 Aug) |
| | | Eenvoud is te vinde binne kompleksiteit | Die Burger (31 Aug) |
| | | 'n Brief aan oom Jaap se kleinkinders | Die Burger (28 Sep) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Moenie skolesport se waarde vir kinders se ontwikkeling onderskat | Netwerk24 (4 Aug) |
| Prof Anton van Niekerk | Filosofie | 12 vakansiedae is 'n slegte idee | Netwerk24 (16 Aug) |
| | | Wreedheid dui op geen respek | Netwerk24 (30 Aug) |
| | | Batseba het g'n vir Dawid verlei | Netwerk24 (13 Sep) |
| | | Ons erfenis sluit die Ander ook in | Netwerk24 (27 Sep) |
| | | Tegnologie slurp privaatheid op | Die Burger (11 Okt) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Kan Afrika veranderings in wêreldorde benut? | Netwerk24 (10 Aug) |
| | | Selfdood: As rouheid van dood deel word van koshuis-gemeenskap | Netwerk24 (5 Sep) |
| | | Om Anton Lubowski te onthou | Netwerk24 (8 Okt) |